Resensies

- Van Coller, H.P. (red.) 1998 en 1999. **Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis**. Deel I en II. Pretoria : Van Schaik.
  (*Willie Burger*) 141
- Zima, Peter V. 1999. **The Philosophy of Modern Literary Theory**. London & New Brunswick, NJ : The Athlone Press.
  (*Heilna du Plooy*) 148
- Van Nierop, Leon, *et al.* 1998. **Seeing Sense**. Pretoria : Van Schaik Academic.
  (*Heilna du Plooy*) 149
- Van Zyl, Dorothea. 1997. **Die retorika en die Afrikaanse historiese roman**. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch.
  (*Willie Burger*) 151

Perspektief en profiel

Van Coller, H.P. (red.) 1998 en 1999. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis.* Deel I en II. Pretoria : Van Schaik. Band I: 735 p. ISBN: 0 627 023460. Band II: 819 p. ISBN 0 627 0246068.

Die verskyning van die nuwe *Perspektief en profiel* is ongetwyfeld 'n opwindende gebeurtenis. Vir die meeste mense betrokke by die Afrikaanse literatuur, bestaan daar 'n behoefte aan 'n nuwer literatuurgeskiedenis as die vorige *Perspektief en profiel* (1982) en Kannemeyer se omstrede *Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde* (1978 en 1983).

Die nuwe *Perspektief en profiel* (in twee lywige dele uitgegee waarvan die een buiteblad ongelukkig blink terwyl die ander 'n mat-afwerking het) bied 'n omvangryke, lekkerlees-naslaanbron. Sommer met 'n eerste deurblaai en hier en daar se lees is dit twee boeke wat 'n mens inspireer om te lees (en om te herlees). Al die kritiek wat dus hier geopper word, moet daarom steeds in die lig van hoë waardering gesien word.

Die beproefde resep van P.J. Nienaber om enersyds 'n perspektief van "tendense" in die literatuur te bied en om andersyds "dieptestudies" (profiele) oor die werk van geselekteerde persone in te sluit, word behou. Hierdie benaderingswyse stel vir Hennie van Coller as redakteur in staat om aan te sluit by die jongste neigings in (literatuur)geskiedskrywing wat kennis neem van, wat Lyotard 'n "agterdog jeens meesterverhale" genoem het. Juis die feit dat so baie literatore bydraes lewer en dat Van Coller "geen eenvormigheid op voorskriftelike wyse afgedwing" het op medewerkers nie, weer talle van die slaggate af waarin geskiedskrywers dikwels trap.

Ten spyte van al die voortreflikhede en die dankbaarheid waarmee 'n dosent/student in literatuur hierdie twee lywige volumes ontvang, is dit haas ondenkbaar dat daar geen omstredenheid oor *Perspektief en profiel* sal wees nie. Van Coller nooi immers kritiese reaksie en voorstelle uit met die oog op 'n toekomstige elektroniese weergawe van *Perspektief en profiel.*

Die eerste aspek wat enige literatuurgeskiedskrywing in omstredenheid dompel, is die onvermydelike kanonisering wat daarmee gepaard gaan. Enersyds is die doel van 'n literatuurgeskiedenis nie primêr kanonisering nie, maar andersyds bestaan daar 'n behoefte aan 'n seleksie van tekste wat gelees "moet" word vir byvoorbeeld onderrigdoeleindes. Fokkema en Ibsch (1992:52) definieer 'n kanon soos volg:

> Onder een canon op het gebied van de letterkunde verstaan wij een selectie van bekende en waardevol geachte teksten, die in het onderwijs worden gebruikt en als referentiekader dienen voor de literaire kritiek.

Sedert die verskyning van die vorige *Perspektief en profiel* het die druk op, en verset teen die sogenaamde kanon vanuit verskeie oorde toegeneem. Van Coller het gepoog om in hierdie uitgawe ook iets daarvan te weerspieël deur perspektiefgedeeltes in te sluit oor byvoorbeeld vroueskrywers en "buite-kanonieke Afrikaanse kulturele praktyke" (waarin Willemse aandui hoedat onder meer werkersliteratuur, die werk van swart skrywers en populêre tekste gemarginaliseer is uit die kanon). Sodoende word iets te kenne gegee van 'n poging tot groter inklusiwiteit en 'n kritiese beskouing van 'n kanon waarin die klem alleen op sekere "elitistiese estetiese" norme val. Gemeet aan die profiele, is hierdie poging om 'n meer inklusiewe kanon daar te stel nie so suksesvol nie. Hoewel die werk van swart skrywers en digters (byvoorbeeld Patrick Peterson, Peter Snyders, S.V. Peterson, P.J. Philander) binne die perspektiefgedeeltes aandag ontvang, is daar nie profiele oor een van hierdie skrywers/digters ingesluit nie.

Die erns van die poging om vroueskrywers in hierdie *Perspektief en profiel* 'n beter bedeling te bied, blyk uit die besonder lang perspektief deur Annemarie van Niekerk (een-en-'n-halwe keer so lank as byvoorbeeld die prosaperspektief!). Van Niekerk sê in haar inleiding dat dit internasionaal 'n tendens is om "meer spesifieke en afsonderlike aandag aan die kreatiewe rol van die vrou in die letterkunde" te skenk (p. 305). Die doel daarvan is nie om 'n afsonderlike geskiedenis te skryf nie maar om "uiteindelik 'n goed verteenwoordigende en gebalanseerde literatuurgeskiedenis te skryf waarin beide mans en vroue bevredigend figureer" (p. 305). Die implikasie van hierdie stelling is dus dat so 'n afsonderlike perspektief nie nodig sou wees indien "beide mans en vroue bevredigend figureer" in die res van hierdie *Perspektief en profiel* nie en dat ook hierdie *Perspektief en profiel* dus nog steeds nie "goed verteenwoordigend en gebalanseerd" is nie. Om op hierdie wyse die uitmuntende oorsig oor die prosa van die twintigste eeu (deur Henriette Roos) of die poësieperspektief deur Helize van Vuuren te impliseer as ongebalanseerd en onbevredigend wat betref verteenwoordiging van mans en vroue, is 'n onreg teenoor hierdie perspektiewe.

Hierdie deeglike stuk navorsing van Van Niekerk is 'n byna ensiklopediese bron oor vroueskrywers maar as "perspektief" is die nut daarvan onseker wanneer dit plek-plek bloot die opnoem van debute deur vroue is, terwyl hoofsaaklik dieselfde vroue wat in die profiele figureer en waaroor daar baie in die ander perspektiewe geskryf word, ook hier

(dupliserend) breedvoerig bespreek word. Uiteindelik wonder 'n mens oor die waarde van dié soort ensiklopediese gegewe in 'n "perspektief" wat volgens die voorwoord van die redakteur "nie volledigheid nastreef nie, maar eerder tendense wil aantoon" (p. vii). Die vraag kan ook gevra word oor die weglating van 'n dergelike ensiklopediese opgaaf van dit wat deur populêre skrywers of swart skrywers geskryf is. Ek beklemtoon weer dat hierdie kritiek nie teen die perspektief self is nie maar ek voel dat so 'n volledige en lang perspektief die balans met ander perspektiewe (en die moontlike insluiting van verdere profiele) uiteindelik versteur.

Die perspektief van Henriette Roos op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu is bondig en bruikbaar en slaag in die doel van die perspektiefgedeeltes, naamlik om tendense aan te toon. Hoewel Roos in 'n sekere opsig oënskynlik naby aan baie van die tradisionele periodiserings hou, slaag sy daarin om op 'n besondere wyse ook tendense uit te lig wat nie in vorige geskiedenisse aandag ontvang het nie. Deur byvoorbeeld die bespreking van Leipoldt en Marais te verbind met 'n soort 19de-eeuse *fin de siècle*, die estetisisme en dekadentisme, en dan verder verbande aan te toon met die werk van Rabie, Breytenbach, Fransi Phillips, Koos Prinsloo, Karel Schoeman en Hennie Aucamp (p. 34), bied Roos werklik 'n sinvolle perspektief wat 'n gewoon chronologiese vertelling oorstyg, sonder om dit moeilik te maak om haar "storie van die prosa" te volg. Verder plaas sy ook klem op winste wat gelewer word deur die herlesings van ouer tekste vanuit ander teoretiese raamwerke.

'n Ander besonder sterk punt van Roos se perspektief is dat sy voortdurend ook die sosio-politieke situasie in ag neem, nie bloot as "agtergrond" of 'n plasing in 'n tydvak nie maar dit word geïntegreer in die bespreking sodat dit duidelik word dat die betekenis en waarde van tekste, deur lesers in 'n interaktiewe proses toegeken word binne 'n spesifieke kulturele konteks. Die Afrikaanse prosa word ook nie in isolasie bespreek nie maar telkens word verbande gelê met die prosa wat in ander tale in Suid-Afrika verskyn het. Op hierdie manier bied sy 'n besonder genuanseerde perspektief en een wat baie moontlikhede bied vir studente wat vergelykend wil werk.

Roos kyk ook krities na die kanoniseringsprosesse wat in die verlede in ander geskiedenisse 'n rol gespeel het. Sy betrek byvoorbeeld die manier waarop sekere van die meer populêre romans uit die veertiger- en vyftigerjare wel gekanoniseer is en ander nie. Dit is interessant dat hoewel Roos se perspektief talle gemarginaliseerde skrywers betrek (o.a. verhale deur talle vroueskrywers en die speur- en avontuurverhale van byvoorbeeld Mikro en Kielblock), daar geen profiele aan hierdie

skrywers afgestaan word nie. Hoewel die perspektiefgedeelte van *Perspektief en profiel* dus blyke gee van 'n verruimde opvatting van die Afrikaanse letterkunde ten opsigte van die onderskeid tussen "hoë" en "lae" literatuur, word dit nie ook in die profiele weerspieël nie. 'n Mens kan dit ook begryp – aan die hand van Van Coller se verduideliking van die beperkte ruimte wat beskikbaar was – maar die punt is dat die keuses van profiele dus nie juis 'n wysiging van die kanon in hierdie *Perspektief en profiel* weerspieël nie.

Die rol van literêre kritiek word ook baie effektief en sinvol deur Roos betrek – veral waar sy wys op die reaksies van verskillende literatore op die werk van die Sestigers. In hierdie verband demonstreer sy oortuigend die manier waarop literatuur en die sosiopolitieke klimaat verstrengel is en hoe niemand in die literêre proses, van uitgewers tot kritici, belangeloos optree nie. Dieselfde geld byvoorbeeld nie ten opsigte van die dramaperspektief nie.

Opvallend in die dramaperspektief is die min verwysings na die sosiopolitieke aktualiteit. Die eerste deel van die dramaperspektief (deur Rob Antonissen, met enkele aanpassings behou uit die vorige uitgawe) is 'n beskrywing van die tydperk 1906-1966 wat 'n dekade-indeling volg. Elke dekade word ingelei deur 'n stukkie algemene geskiedenis maar dit word nie werklik geïntegreer met die bespreking van die dramas wat daarop volg nie. Selde word iets oor die resepsie van die dramas gerep. Weinig word gesê oor die rol van byvoorbeeld reisende teatergroepe of amateurgroepe en bloot melding word van die ontstaan van streeksrade gemaak sonder dat die effek daarvan bespreek word. Geen verbande word gelê met Suid-Afrikaanse dramas in ander tale nie. Verder is hier ook nie sprake van insigte wat verskaf word deur nuwer teoretiese uitgangspunte nie sodat veral hierdie eerste deel van die dramaperspektief – in vergelyking met die nuutgeskryfde perspektiewe oor die poësie en prosa – gedateerd voorkom.

Brink verwys in die gedeelte waarin hy die drama van 1967-1977 bespreek darem na die rol van die streeksrade en DALRO. Ongelukkig lê hy ook nie verbande met dramas in ander Suid-Afrikaanse tale soos wat Helize van Vuuren en Henriette Roos dit doen nie. In die laaste gedeelte van die dramaperspektief maak Louw Odendaal wel melding van gebeurtenisse soos die Kampustoneelfees maar ongelukig is dié gedeelte skynbaar voltooi voor die totstandkoming van KKNK en al die ander feeste wat opgeskiet het. Die effek van die verdwyning van die streeksrade word ook nie bespreek nie. Die invloed van televisiedramas (en -reekse) op (verhoog)drama word kortliks deur Odendaal geëvalueer maar ongelukkig beperk hy sy bespreking tot gepubliseerde tekste. Hy staan ook heelwat ruimte af aan die kabaret maar weinig aan televisie-

dramas (omdat min gepubliseer is). Hoewel die radiodrama ten volle gereken word tot deel van die genre, word televisiedramas se groot rol erken maar weinig daaroor gesê. Miskien is dit ook tyd dat die TV- en filmdrama meer aandag ontvang?

Die opvallende verskille in benadering tussen die dramaperspektief en die ander perspektiewe maak vergelyking – 'n saamlees van die verskillende perspektiewe – moeiliker.

Ten spyte van die omvangryker produksie van prosa word heelwat meer aandag aan poësie gegee. In totaal word 284 bladsye aan die poësieperspektief gewy. (Die prosa- en dramaperspektief beslaan sáám nie eens 200 bladsye nie.) Dit wil voorkom asof sommige medewerkers ruimtebeperkings minder ernstig toegepas het as ander.

Die eerste gedeelte van die poësieperspektief (deur Heinrich Ohlhoff) getuig van 'n deeglike herbesinning en herevaluering van die poësie van 1900-1960. Ohlhoff gebruik 'n vars invalshoek deur nie bloot chronologies te werk te gaan nie maar veral te wys op "gesprekke" tussen digters – herskrywings, parodieë en die opneem van die temas van vroeëre digters word aangetoon en sorg daarvoor dat hierdie perspektief 'n boeiende stuk werk is wat talle interessante moontlikhede vir die onderrig van poësie bied.

Net soos in die geval van Henriette Roos se perspektief, gebruik Ohlhoff nie slegs "literêre meriete" as maatstaf nie; hy evalueer nie alles deur dit te meet aan Dertigerpoësie of die "laaggedig" nie, maar neem kennis van ander literêre beskouings en ondersoeke. Hy maak byvoorbeeld nie (soos Kannemeyer) "anonieme volkspoësie" af weens die "minderwaardige literêre gehalte" daarvan nie maar wys op die invloed van hierdie "anonieme volkspoësie" op latere werk.

Waar Ohlhoff van die ingeburgerde periodisering gebruikmaak, doen hy dit krities. Hy gebruik telkens woorde soos "Digters wat tradisoneel tot die Twintigers gereken word" (p. 58) en problematiseer ook hierdie indelings, al behou hy dit ten einde 'n maklik leesbare oorsig te gee. Dit is ook opvallend (teenoor byvoorbeeld die dramaperspektief) dat Ohlhoff ruimte afstaan aan die resepsie van digters in hulle eie tyd, sowel as aan verskillende benaderings tot hulle poësie oor tyd heen (byvoorbeeld in die geval van Louw se aanvanklike afwysing van Visser se poësie teenoor 'n latere herwaardering van Visser weens 'n verandering in lesers se verwagtingshorison na aanleiding van die poësie van Blum en Boerneef). In hierdie opsig demonstreer Ohlhoff se perspektief, net soos Roos en Van Vuuren se bydraes, ook iets van die tendense in literêre kritiek.

Hoewel Ohlhoff 'n deeglik nagevorsde en vars perspektief bied, verdwyn iets van die oorsigtelikheid wat 'n perspektief veronderstel is om te bied, onder die besonderhede wat plek-plek neig na profiele. 'n Voorbeeld: die voortreflike profiel oor Van Wyk Louw deur Gerrit Olivier beslaan 21 bladsye (verwysings, bronnelys en foto ingesluit – oor Louw se poësie, dramas en kritiese prosa) terwyl die gedeelte oor Louw se poësie in Ohlhoff se perspektief 20 bladsye beslaan (wat nie meer verhelderend is as Olivier se bondiger profiel nie). Lang aanhalings uit sekondêre tekste en volledige besprekings van enkelgedigte (wat 'n mens eerder in profiele sou wou sien) steur ook die aanduiding van tendense. Uiteindelik mis 'n mens hier 'n samevatting. Dit is asof Ohlhoff se perspektief later neig na die aaneenryg van mini-profiele in 'n chronologiese volgorde.

Van Vuuren het, in teenstelling met Ohihoff, werklik gepoog om 'n oorsig, 'n *perspektief* (soos deur die titel gesuggereer word) te bied. Hiervan getuig die veel sterker binding van haar oorsig en die samevatting van tendense aan die einde daarvan. Van Vuuren stel uitdruklik dat sy nie streef na volledigheid nie maar die klem wil laat val "op radikale poëtikale veranderings en normverskuiwende tendense, met aandag aan wisselwerking met sosiopolitieke gebeure (die historiese konteks)" (p. 245). Hierdie soort benadering is vrugbaar vir 'n perspektief. Sy is versigtig om kenmerke van poësie uit die tydperk sonder meer onder 'n enkele noemer (soos postmodernisme) tuis te bring en stel haar betoog in hierdie opsig polemies teenoor Viljoen en Foster in *Poskaarte* (250-252). Hierdie polemiese ingesteldheid is ook duidelik in haar bespreking van T.T. Cloete se digkuns. Sy reageer besonder skerp teen die "hagiografiese, bewierokende" waardering van die "noordelike universiteite" op Cloete se werk en probeer aandui dat hy eintlik nie 'n veel belangriker bydrae lewer as streekspoësie en 'n sekere soort religieuse poësie nie. In die proses wy sy egter, ironies genoeg, sewe bladsye van haar bespreking aan Cloete.

'n Belangrike stelling wat Van Vuuren maak, is dat die "kollektiewe groep Kaapse Vlakte-digters nie deur die kanon geakkommodeer (is) nie, deels op grond van die vooroordeel op estetiese gronde, deels op grond van die politieke inhoud van die verse. Wat 'n groeipunt kon geword het, is weens finansiële probleme en onversetlikheid van die gevestigde Afrikaanse literêre gemeenskap (uitgewers, resensente uit die hoofstroom ensovoorts) min of meer doodgeswyg" (p. 281). Hierdie beskouing word bevestig in die profielgedeelte waarin daar geen ruimte is vir S.V. Peterson, Patrick Peterson, Peter Snyders of P.J. Philander nie.

Die klem wat Van Vuuren plaas op Dolf van Niekerk se poësiebydrae, in besonder die wyse waarop hy oor die Boesmans dig (p. 301), bevestig

dat dit 'n flagrante flater was om nie aan hierdie besondere skrywer en digter 'n profiel af te staan nie!

Dit bring mens dan by die profiele. Die eerste saak wat hier ter sprake kom, is natuurlik die vraag na wie "in" is en wie nie. Daniel Hugo vra spottend met verwysing na Kannemeyer se geskiedenis:

> dus smeek ons u, die goeies en die snodes
> ontvang ons tot slot in u koninkryk

Met dieselfde verwagting word ook gekyk na wie in Van Coller se "profiel-koninkryk" ontvang word. Daar is hieroor seker veel te sê en uiteraard, soos Van Coller ook in die voorwoord telkens probeer om te verduidelik wat die keuses bepaal het, sal daar altyd verskille wees. Enkele weglatings is egter vreemder as fiksie, soos dié van Johann de Lange en Dolf van Niekerk. Op grond van die kriteria wat Van Coller self stel, kon nie een van die twee werklik weggelaat wees nie. Die belang wat in die perspektiefgedeeltes aan hulle gekoppel word, maak dit verder onverklaarbaar.

Terwyl sommige van die profiele nie veel vernuwing toon op die vorige *Perspektief en profiel* nie en party van die medewerkers maar in hoofsaak gehou het by die vroeëre interpretasies en beskouings, is daar in talle gevalle 'n radikaal vars benadering (byvoorbeeld die profiel oor Breytenach) wat tot nuwe insigte lei.

Die flapteks beskryf die *Perspektief en profiel* as 'n "millenniumgeskenk vir Afrikaans". Dit is inderdaad 'n geskenk waaroor enigeen met 'n belang by die Afrikaanse literatuur baie bly is.

Bronverwysing

Fokkema, D.W. & Ibsch, E. 1992. *Literatuurwetenschap & cultuuroverdracht*. Muiderberg : Dick Coutinho.

Willie Burger
Departement Afrikaans & Nederlands
Randse Afrikaanse Universiteit
E-pos: wdb@lw.rau.ac.za

The Philosophy of Modern Literary Theory

Zima, Peter V. 1999. *The Philosophy of Modern Literary Theory.*
London & New Brunswick, NJ : The Athlone Press. 263 p. Prys: £40,00.
ISBN: 0 485 115409 (hb); 0 485 12150 (pb).

Literêre teorieë kan van verskillende kante benader word. Teorieë kan verduidelik, bespreek en beoordeel word op grond van die praktiese bruikbaarheid daarvan in teksanalise en -interpretasie, terwyl die debat oor wat taal en literatuur is, op sigself in teoretiese terme gevoer kan word. Literêre teorieë ontwikkel en bestaan egter nie outonoom nie. Dit is aan die een kant verbonde aan die literatuur self en aan die ander kant aan die breër filosofiese raamwerke en wetenskapsbeskouinge van bepaalde historiese periodes. Dit is dus ingebed in die netwerk waarin die gemeenskap, die *Zeitgeist*, die filosofie, die wetenskapteorie en -beoefening, die estetika, die kuns- en literatuurtradisie, ensovoorts almal 'n rol speel.

Vir sommige literatore en studente en in bepaalde onderrig- en lees-situasies is dit voldoende en bevredigend om teorie as instrument te gebruik en om te weet dat daar teorieë is wat voortdurend verander. Vir die ernstiger student van literatuur en literatuurwetenskap is 'n bewustheid van en sensitiwiteit vir teoretiese kwessies egter nie genoeg nie. Dan word die teorie 'n saak op sigself en ontstaan die behoefte om te weet wat agter die teorieë lê, wat die agtergrond en die ondergrond van die denke is waaruit die teoreë ontstaan. Dan gaan dit om belangstelling in die verbindinge tussen literêre teorieë, die literatuurfilosofie en die algemene filosofie.

Dit is presies waarmee Peter Zima hom besighou in *The Philosophy of Modern Literary Theory*. Hy plaas die belangrike twintigste-eeuse teorieë nie net ten opsigte van die filosofiese onderbou nie, maar toon ook aan hoe die teorieë filosofies gesproke bymekaar aansluit en hoe bepaalde teorieë spore dra van verskillende agterliggende denkraamwerke. Dit is besonder insiggewend om te weet watter rol die invloedryke filosowe van die afgelope twee eeue speel in die gesprekke oor die literatuur wat ons vandag voer. Die betoog in die boek sal gewis daartoe meewerk om die literatuurwetenskaplike se bewustheid van die implikasies van sy eie opvattinge op te skerp. Die erfenisse van Kant en Hegel en die invloed van Adorno, Nietsche en Heidegger word in 'n toeganklike en onderhoudende betoog verhelder en in verband gebring met die belangrike teoretiese raamwerke en die toonaangewende literatuurwetenskaplikes van die eeu.

Die eerste aantal hoofstukke is hoofsaaklik beskrywend en verduidelikend. Dit is besonder waardevol om die filosofiese verbande tussen teorieë te begryp, aangesien dit die literatuurwetenskaplike se wetenskaplike en vakgerigte aanvoeling grootliks verdiep en anker. In die slothoofstuk van die boek word 'n dialogiese teorie aan die orde gestel, 'n siening van teorie en kritiek wat lê tussen die Kantiaanse opvatting dat kuns en skoonheid nie konseptueel gedefinieer kan word nie en die Hegeliaanse (Marxistiese) opvatting dat kunswerke altyd konseptueel toeganklik is. Zima redeneer dat die interpretasie en resepsie van kunswerke en literêre tekste inderdaad "oop" is, maar terselfderyd word die prosesse van interpretasie en resepsie bepaal deur die fonetiese, semantiese, sintaktiewe en narratiewe strukture waarmee die leser gekonfronteer is.

Hierdie boek is 'n erudiete en deeglike studie van 'n gespesialiseerde terrein van die literatuurwetenskap; 'n uiters waardevolle toevoeging tot die boekrak van enigeen wat die literatuur en literatuurstudie ernstig opneem.

Heilna du Plooy
Departement Afrikaans & Nederlands
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
E-pos: afnhjgdp@puknet.puk.ac.za

Seeing Sense

Van Nierop, Leon (with Galloway, Norman & De Reuck, Tascoe).
1998. *Seeing Sense*. Pretoria : Van Schaik Academic. 217 p. Prys: R73,95.
ISBN: 0 627 023258.

Seeing Sense is 'n boek oor die bestudering van films. Die boek is geskryf na aanleiding van die kursus vir tweedejaarstudente aan die Cinema and Television School van die Technikon Pretoria. Volgens die outeur is dit 'n werkboek vir die analise van films sodat kykers op grond van groter insig en kennis van die filmmedium, meer genot uit films kan put.

Die boek is beplan om prakties te wees. Kernkonsepte word in die kantlyn uitgelig, die stof is in korter eenhede georganiseer en die styl is deurgaans toeganklik en vlot. Twee studente het kort toepassings geskryf wat op gepaste plekke geplaas is. Die boek is baie goed versorg en keurig uitgegee. Die bladbeeld is trouens besonder aantreklik en die fotomateriaal goed gekies en uitstekend gereproduseer.

Daar is egter fasette waarin die boek tekortskiet. Volgens eie getuienis is die boek praktykgerig en daarop afgestem om onervare studente te help om films te verstaan en die filmmedium te leer ken met die oog op resensering. Dit is dus nie primêr 'n wetenskaplike of teoretiese werk nie. Maar 'n mate van vertroudheid met die kontemporêre gesprek in die tekswetenskappe in die algemeen is myns insiens darem nodig. Om herhaaldelik te sê dat filmanalise daarop gerig is om die regisseur se intensies te verstaan, klink om die minste te sê verouderd. In al die kommunikasiegerigte vakke by skole en technikons en universiteite word kommunikasie gesien as 'n proses waarby die teks (die film in hierdie geval), die outeur (hier die regisseur), die kyker en die konteks van elkeen van hierdie instansies 'n rol speel. Hoeveel filmkykers weet wie is die regisseur? Hoeveel kwel hulle daaroor? Die oeuvre van 'n regisseur is inderdaad 'n saak vir die fynproewer, maar die fynproewer sal tog weet dat interpretasie 'n baie meer komplekse proses is as die naspeur van die intensie van die outeur.

In die laaste hoofstuk waar die skryf van 'n resensie bespreek word, word weer gesê dat die student "altyd" moet weet wat die regisseur probeer sê en dat hy dit dan moet ontleed. Hoe kan hy weet wat die regisseur wil sê voordat hy geanaliseer en geïnterpreteer het? Nêrens word studente daarvan bewus gemaak dat interpretasie nie 'n direkte proses is van "kyk en weet" nie en so is die boek eintlik net 'n lang lys van die aspekte van filmmaak en van filmiese tegnieke. Al is 'n handboek doelbewus so beplan dat dit studente nie met onnodige kompleksiteit wil vermoei nie, verkry dit tog 'n groter geloofwaardigheid as die ingeligde leser kan sien dat die skrywer van die probleemareas weet en dit vereenvoudig aanbied. Dit kan gedoen word sonder om die student te laat verdwaal.

Vir die doel van kursusse wat op resensies en meer plesier aan die filmmedium gerig is, sal die boek in elk geval seker grootliks suksesvol gebruik kan word.

Heilna du Plooy
Departement Afrikaans & Nederlands
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
E-pos: afnhjgdp@puknet.puk.ac.za

Die retorika en die Afrikaanse historiese roman

Van Zyl, Dorothea. 1997. *Die retorika en die Afrikaanse historiese roman. (Universiteit van Stellenbosch: Annale, 1997/2.)* Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch.

Die Afrikaanse literatuur van die afgelope dekade word volgens Van Coller[1] (1997:11) gekenmerk deur 'n bykans "obsessiewe belangstelling in en bemoeienis met die persoonlike en kollektiewe geskiedenis". Die onlangse debat in *Beeld* oor die "waarheid" of "valsheid" van die gebeure wat beskryf word in Christoffel Coetzee se roman, *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*, het die kollig laat val op die verhouding tussen historiografiese fiksie en geskiedskrywing[2]. Dorothea van Zyl se *Die retorika en die Afrikaanse historiese roman* lewer onder andere 'n bydrae tot die debat oor die verband tussen geskiedskrywing en literatuur. Hierdie werk is 'n verkorte weergawe van haar proefskrif (*Salomo syn oude goudfelde. Op die spoor van die retorika in die Afrikaanse romankuns.* 1996, Unisa.) en is deur die Universiteit van Stellenbosch uitgegee in hulle reeks publiksies, die Annale (1997/2).

Van Zyl se sentrale vraag is: "Wat maak romantekste oorredend?" (30). Sy gaan uit van 'n aangepasde kommunikasiemodel, naamlik dat die sender op een of ander manier probeer om die ontvanger van die boodskap te *oorreed* om 'n sekere beskouing te aanvaar. Hierdie oorredingstrategieë beskryf sy deur 'n breedvoerige uiteensetting van die geskiedenis en aard van die retorika. Daarna bespreek Van Zyl ook die verhouding tussen geskiedenis en die verlede. Uiteindelik bring sy die historiese roman en die retorika by mekaar uit deur te ondersoek op welke wyse die retorika in veral twee Afrikaanse historiese romans aangewend word ten einde die leser te *oortuig* om 'n sekere beskouing te aanvaar.

Ten spyte daarvan dat dit 'n "verkorte weergawe" van Van Zyl se proefskrif is, is dit steeds nie 'n besonder leesvriendelike boek nie en behou dit die kenmerke van 'n proefskrif. Waarskynlik sal min mense egter die werk van voor na agter probeer deurlees en eerder die tersaaklike dele vir 'n spesifieke studie raadpleeg. Dit is duidelik dat Van Zyl baie wyd gelees het en sy gee telkens 'n deeglike uiteensetting (met talle

1 Van Coller, Hennie. 1997. Die Waarheidskommissie in die Afrikaanse letterkunde: die Afrikaanse prosa in die jare negentig. *Stilet*, 9(2):11.

2 Vergelyk onder andere die bydrae van Fransjohan Pretorius (*Beeld*, 8 Oktober 1999).

nuttige verwysings) oor elke nuwe aspek wat sy aanroer. Enigeen wat navorsing doen oor die historiese roman, die retorika, literêre kommunikasie, of oor die spesifieke tekste (veral oor S.J du Toit se *Di koningin fan Skeba*) sal in hierdie publikasie 'n waardevolle vertrekpunt vind. Van Zyl slaag telkens daarin om 'n bondige uiteensetting te gee van die probleemareas en verskillende standpunte binne hierdie terreine, voordat sy kortliks formuleer hoedat sy dit ten opsigte van haar eie studie aanwend. Selfs as 'n gebruiker dus nie met haar formulering saamstem nie, kan haar uiteensetting steeds baie nuttig gebruik word.

Die gedeelte waarin die retorika (en die bykans 26 eeue lange geskiedenis daarvan) breedvoerig beskryf word, lees die moeilikste. Die uiteensetting van die literêre kommunikasieproses dui op 'n deeglike bestudering van 'n magdom bronne. Die kommunikasieproses en die skep van betekenis deur die leser word geproblematiseer en uiteenlopende beskouings van literêre betekenis word grondig beredeneer.

Die komplekse verhoudings tussen felt en fiksie, tussen letterkunde en geskiedskrywing word ook deeglik bespreek. Die verreikende implikasies van 'n besef dat die (historiese) werklikheid onkenbaar is en dat alle getuienis oor die verlede getekstualiseerd en subjektief is, word baie leesbaar beskryf. Van Zyl (1997:40) redeneer dat geen "eendimensionele orde (taal)" met 'n "pluridimensionele orde (die werklikheid)" kan saamval nie en daarom word die manier waarop tekste oorreed, eerder as die "feit" of "fiksie" daarin ondersoek.

Van Zyl ondersoek die retoriese oorredingstrategieë wat gebruik word om lesers te oortuig van die geloofwaardigheid van vertellings oor die verlede in veral twee romans, te wete S.J. du Toit se *Di koningin fan Skeba* en Brink se *Houd-den-bek*. Die uiteensetting van S.J. du Toit se lewe en werk en die konteks waarin sy historiese roman ontstaan het, word besonder interessant bespreek. Dit is 'n gedeelte wat nuttig is vir enige navorser oor Du Toit en ook oor die vroeë geskiedenis van die Afrikaanse literatuur. Hierna volg 'n retoriese analise wat onder andere die *Dispositio* – 'n beskrywing van die romaninhoud – en die gebruik van getuienis en tegniese oorredingsmiddelle insluit.

Die toepassing op André Brink se *Houd-den-bek* maak (miskien weens die groter bekendheid van die roman) 'n minder oorspronklike indruk. Van Zyl gee 'n breë uiteensetting van die geskiedenis van die slaweopstand en wys op die talle verskille en ooreenkomste met Brink se roman. Sy gebruik dan hierdie verskille om aan te dui hoedat Brink die "feite" retories aanwend ten einde die leser te oortuig van 'n sekere

standpunt. Hoewel hierdie idee van manipulasie deur die outeur nie nuut is nie[3], kom sy deur middel van die retorika tot die gevolgtrekking dat dit nie hier gaan om die waarheid of egtheid van gebeurtenisse waarvan die leser oortuig moet word nie maar die oortuiging van 'n standpunt. "Waarheid en leuen" word gesien "as ongeldige meet-instrumente" (111). Sy wys dus bloot op die manier waarop die *causa* opgebou word binne die *argumentatio* sonder dieselfde streng etiese eise wat aan 'n historiograaf gestel word (111). Sodoende lewer sy dus 'n bydrae wat interessant is in die lig van die onlangse bespiegeling in die dagblaaie oor die feitelikheid van 'n roman soos *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*. 'n Verdere voordeel van die retorika is vir Van Zyl daarin geleë dat postmodernistiese tekste, waarin die komplekse grense tussen feit en fiksie op die voorgrond geplaas word, juis deur die retorika ondersoek kan word omdat die klem nie meer val op 'n bewyslas van "buite" die roman val nie maar op die retoriese strategieë binne die roman (123).

Willie Burger
Departement Afrikaans & Nederlands
Randse Afrikaanse Universiteit
E-pos: wdb@lw.rau.ac.za

3 Vergelyk Steenberg, D.H. 1983. Die manipulerende rol van die implisiete outeur, met verwysing na *Houd-den-bek*. SAVAL-kongresreferate: 55-78.